

Hi Shando

Vir die vraag en antwoord in Baba & Kleuter:

Skei-slaggate

Ek wil van my man skei. Ons het twee kinders. Ek wil dit van die begin af reg aanpak en ek wil nie geld mors nie. Ook nie tyd nie. Wat is van die slaggate waarop ek op die uitkyk moet wees? Hoe begin 'n mens die proses? En hoe lank vat dit gewoonlik?

Skei Slaggate:

1. Spesialis Family Reg Prokureer:

Die area van Familiereg (Egskeidings, beheer en toesig van kinders, Huishoudelike Geweld, kinderlike vervreemding, Onderhoud, aannemings, lewens vennootskappe, selfde geslags verhouding ens) het met die intredeing van verskeie nume wette n spesialis area van die reg geword. Dit is nie adviseerbaar om n algemene praktisyn te gebruik in hierdie spesialis veld nie, n mens sou nie you tandards vra on n hartomlyning vir jou te doen nie, dieselfde geld hiet. Daarom doen navorsing of die internet of vra rond oor wie is die spesialiste in jou area in die gebied.

2. Onrealistiese verwagtings:

Een van die groot redes dat huwelike sneuvel is oor finansiële stress, oneerlikehied oor hoe geld spandeer word, hoeveel spandeer word, waarop die geld spandeer word en die daadwerklike finansiële toestand van die familie. Die bogenoemde is gewoonlik oor n tekort aan finansies. Baie persone het n onrealitiese verwagting oor wat doe egskeiding finsieel vir hulle sal beteken.

As daar nie R 10 000, 00 per maand was gedurende n huwelik om op n kind te spandeer nie, ongeag die wel menede advise van vriende, dan gaan daar nie n hofbevel wees wat R 20 000, 00 per maad, per kind aan you gaan toestaan nie.

As die gesamtlike boedel se grootste “bate” die skuld is, dan gaan jy nie n nuwe kar en n skoon kredietkaart uit doe boedel kry nie, tensy daar n groot pensionfonds is wat verdeel kan word, self dan vat Jan Tax eers sy deel en jy kry die balans waaruit jy nog steeds you regs-koste sal moet dek.

3. Die geloofwaardigheid van “haarkapper” regsadvies:

Daar word baie in my kantoor gedurende konsultasies vir my vertel, “Ek het by die haarkapper gehoor dat Sarie het het 3 miljoen gekry in haar egskeiding” of “Sanne die huis by die rivier/see gekry” – “ek soek dit ook, kry dit vir my”.

Dit mag dalk waar wees dat ek vir Sarie 3 miljoen gerky het maar daar was 12 miljoen om te verdeel onder haar en die 3 kinders. Dit mag dalk waar wees dat ek die huis by die rivier / see gekry her vir Sarie maar daar was 3 huise in die gesamtlike boedel on van te kies.

Elke egskeiding se feite is anders, die huwelisvooraarde kontrak het ander klousules, insluitings en uitsluitings, die gesamentlike boedel het minder of meet bates of skuld, daar is meer of minder onderhous-behoefte kindres ens.

Gaan konsulteer eers met 'n aanbevele spesialis familiereg prokureer en dan sal jy 'n beter idee kan vorm oor wat is die (1) hoe risiko (high reward high risk), (2) middle van die pad (minder risiko – regskoste - maar minder vergoeding), lae risiko, (skik binne 'n week, lae regskoste maar die minste finansieële wins) en watter roete, of kombinasie van al 3 het jy die klient 'n aptyd voor, vir die moontlike lengte en koste van die geding.

4. Kognitiewe Distorsie:

In kort, die verkeerde geloof dat (1) Ons sal nooit skei nie (2) maar as ons skei, my eggenoot eerbaar en eerlik teenoor my sal optree. Die werklikheid is, 2 uit 3 huwelike misluk binne 7 jaar, en as jy werklik 'n persoon wil leer ken, skei van hulle. Egskeidings bring nie die best in mense uit nie, maar die ergste, persone voel verraai, verneder, kwaad and seergemaak en wil baie graag ook he jy joet ook so voel.

5. Die behoefte om die skei proses te gebruik vir wraak:

Die bogenoemde is die no 1 oorsaak dat skeisake jare in plaas van maande neem. As 'n persoon die Egskeidings proses wil gebruik om die ander persoon 'n les te leer of om wraak te neem, dan verminder dit die kans van 'n skikking. As 'n persoon verstaan die verhouding is verby en beide persone moet aangaan met hulle lewens op so 'n manier dat hulle nog saam ouers vir kinders kan wees

en selfs besigheids vennote, dan kan die proses vining afgehnadel word met doe opstel van n skikkingsakte.

6. Tyd en koste:

Hoe langer n skysaak vat hoe meer kos dit, klink logies maar partye vergeet dit.

As beide party kom om die saak te skik, aan te gaan met hulle lewens en die skeisak af te handel, dan vananf die laaste handtekening of die skikkingsakte kan n person binne ongeveer 40 kalender dae geskei wees met minimale koste.

Wees puntenerig en kinneragtig en die skeisaak kan jare lank sloer en miljoene kos in regs-koste, spesialis getuienis en sielkundige verslae ens.

Shando Theron is die Hoof van die Famielieregs Departement by Theron & Theron Prokureers in Johannesburg, www.divlaw.co.za.